PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100


# die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In u lig sien ons die lig.

JAARGANG XXVII   DINSDAG, 20 JUNIE 1972   Nr. 8


( CHET
APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE
STUDENTE-APTEEK

## Jeugkongres

# POSITIEWE BENADERING ONDER BESPREKING

**Gedurende die Julievakansie vind daar 'n gesamentlike Jeugkongres te Bloemfontein plaas wat aangebied word deur die A.S.B. en die Afrikaanse Nasionale Jeuggraad van die F.A.K.**

**Emosies:**

„In ons tyd en in ons wêreld word daar baie geskryf en met groot emosies gepraat oor temas soos die generasie-gaping, kontrakultuur, studente-opstand en permissiwiteit. Waar staan u? Vorm u deel van hierdie nuwe draaiende mallemeule? Word u soos dobberende dryfhout saamgesleur met die bruisende stroom van Humanisme en Liberalisme? Of, vorm u 'n bunker? Is u 'n steen wat iewers 'n plek het en tot steun dien vir ander stene in 'n stewige onwankelbare vesting? Ken u die swak plekke in die vesting waarvan u deel vorm en ken u die vyande wat daarteen aanstorm? Bo alles, is ek positief gemotiveer om te stut en te steun, om te bou en te werk, om te studeer en te ontspan, om te ly en te juig vir die toekoms van hierdie Vesting aan die Suide?" (Uittreksel uit 'n inligtingstuk van die ASB en die FAK).

**Vrae:**

Hierdie vrae en talle ander kom aan die orde by die aanstaande Jeugkongres vanaf 26 tot 30 Junie by die Universiteit van die Oranje Vrystaat aangebied word. Die tema van vanjaar se kongres is „die Vesting aan die Suide" en studerende- en beroepsjeug beoog om ernstig aandag te gee aan die verskillende fronte van die Vesting aan die Suide, wie aanval en hoe verdedig moet word.

Volgens mnr. Leon Wessels, ASB-president en PUK-student, lê die belangrikheid van die kongres daarin dat die Afrikanerstudent hom nie onbetuig sal laat nie. Hy sal ook nie net getuig nie, maar kragdadig optree. Daarom staan die Afrikanerjeug en die ASB nie alleen los van die onlangse studentebetogings nie, maar lynreg daarteen — nie net in die verlede nie, maar ook in die toekoms.

**Groepbespreking:**

Die kongres sal vanjaar weereens geopen word deur sy Edele die Eerste Minister, adv. B. J. Vorster. Daarna sal verskeie sprekers optree voor die kongres. Referate sal gelewer word deur prof. S. C. W. Duvenage oor die godsdiens-morele front, prof. J. E. Pieterse oor die maatskaplik-kulturele front, prof. F. Wessels oor die staatkundige front en prof. Tjaart van der Walt sal die afsluitingsrede lewer. Daar sal vanjaar ook van die metode van groepsbesprekings gebruik gemaak word.

Vir die ASB is hierdie kongres van die uiterste belang. Die ASB Hoofbestuur vergader reeds die vorige naweek in Bloemfontein. Al die afgevaardigdes na die ASB-kongres sal dan ook apart van die gesamentlike jeugkongres konstitueer. Verskeie interne aangeleenthede, waaronder die departementele verslae, van die ASB moet tydens die kongres afgehandel word.

Inhoud moet ook aan die beoogde nuwe struktuur gegee word. Volgens mnr. Wessels word in hierdie struktuur klem gelê op die groter rol wat die ASB vir Suid-Afrika kan en sal speel — veral in hierdie tyd wat die gees van rewolusie adem en veral teen die agtergrond van ons Volkeresituasie. Aandag sal ook gegee word aan die projektebeplanning wat deur die onderskeie geaffilieerde studenterade uitgewerk is en hoe die ASB vir die student tot steeds groter nut kan wees. Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. moes besin oor die projek rakende skakeling met die nie-blankes.

'n Aangename sosiale program word ook in die vooruitsig gestel. Dit behels onder meer die jaarlikse formele kongresdinee. Die afvaardiging wat die Puk verteenwoordig is mnre. Kobus van der Walt (leier), Kobus Kotze, Leo van Schaik, Nico Ligthelm, Jan Silvis, Kerneels van Niekerk, Konkie van der Walt en Riaan Odendaal. Vyftien waarnemers, waaronder sewe dames, sal ook die kongres bywoon.



Frans Kruger.
*Fotokuns.*

## WINTER IN WES-TRANSVAAL



*Erken: Fotografiese Vereniging.*

# Pukke stel belang in politiek

**Agt en tagtig persent van alle studente op die PUK stel gelang in politiek en daarvan wil 97% graag meer van ander politieke partye as hulle eie weet.**

Dit het aan die lig gekom deur 'n onlangse ondersoek wat die Komitee vir Ontwikkeling en Beplanning van die PNB uitgevoer het. Vraelyste is onder seniorstudente in elke koshuis ver sprei en deur die politieke belangstelling en behoeftes so te peil, is vasgestel wat Pukke verwag die PNB aan hulle moet bied. Die komitee se indruk was dat die PNB sy aanbieding van die verskillende politieke standpunte heelwat meer gespesialiseerd sal moet aanbied.

Verder is bevind dat 60% ten gunste van sowel programvergaderings as vlugskrifte is, 17% slegs programvergaderings en 23 persent slegs vlugskrifte as medium om inligting te bekom verkies.

Die idee van 'n blitsvergadering, waar studente binne 24 uur nadat 'n aktuele probleem opgeduik het, kan byeenkom om dit vir 'n kort rukkie te bespreek, het wye inslag gevind.

Die kommisie het ook bevind dat dit wenslik sal wees om op 'n spesifieke tema vir 'n termyn se programvergaderings te besluit en dat verskillende aspekte daarvan en/of verskillende standpunte t.o.v. dieselfde aspek gestel word. Op die wyse sal studente wat een vergadering bygewoon het, geprikkel word om ook daarop volgende vergaderings by te woon. Daar is ook aanbeveel dat meer aandag aan die wêreldpolitiek en hoe dit die Republiek raak, gegee moet word. Die instelling van 'n Studenteparlement, as forum waar studente onder mekaar oor politieke knelpunte kan gesels, geniet ook aandag.

Na aanleiding van die bevinding t.o.v. programvergaderings het mnr. Ockie Raubenheimer, voorsitter van PNB, gevra waar daardie 77% (60% plus 17%) studente dan is wanneer programvergaderings aangebied word.

Die kommisie het bestaan uit mnre. Frans Kruger, Japie Robbertse en Jannie Earle.

# Inskrywings sluit vroeër

Mnr. J. Venter, hoof van die eksamen-afdeling, het bekendgemaak dat eksameninskrywings vanjaar vanaf 25 Julie tot 15 Augustus plaasvind en voortaan jaarliks op 15 Augustus sal sluit. Geen inskrywings word na 15 Augustus aanvaar nie.

Finansiële verpli tinge teenoor die Universiteit moet nagekom word voordat aansoeke om inskrywing vir die eksamen aanvaar sal word, het mnr. Venter verklaar.

Eksameninskrywings word onder geen omstandighede aanvaar as matrikulasie — of ander sertifikate wat toelating tot die Universiteit verleen, nie ingedien is nie.

Aanvullings-, siekte en nagraadse eksamens, uitgesonderd die B.Ed.-eksamens, sal vanaf 1973, op die tweede Maandag in Januarie 'n aanvang neem en drie weke duur.

Registrasie van alle studente sluit volgende jaar op Saterdag 10 Februarie om 12 middag. Vanaf Maandag 12 Februarie word inskrywings slegs aanvaar teen betaling van R10 laatregistrasiegeld. In die geval van studente wat met proefonderwys afwesig is, sal 'n uitsondering gemaak word.

## STUDENTE-BETOGINGS

Kyk bl. 4

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89b en c.
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# Jy Meisie

VROU

Somer en herfs en winter trek in wye
onafgebroke wisseling deur die land,
maar sy bly draer van die lente want
liefde het haar verhef bo die getye.

Haat en verwoesting plant hul lanfervlae
in honderd stede en oral sink die nag;
vir haar op wie ook bloed en worsteling wag
klink nog die lied van vrede en welbehae.

Die uitgeteerde ruiter neig sy sens
en aarselend voor die klaarheid van haar blik
erken selfs hy sy heerskappy se grens:

in haar, wat die ontserflikheid bewaak,
ontkiem die toekoms in die flou getik
van lewe wat voorwêreldlik ontwaak.

ELISABETH EYBERS.

# NUUS-ASTER

Ons nuus-aster van die week is Annelise du Plessis, 'n tweedejaar B.A.-student (van Karlien). Annelise is een van die weinige gelukkige asters wat sommer lag-lag twee maal per jaar vir 'n vakansie Londen toe vlieg.

Julle wonder seker hoe sy dit regkry, terwyl meeste ander studente eers die buitewyke van hulle provinsie sien as hulle die dag ietsie erf?



Annelise du Plessis.
*Fotokuns.*

Haar pa is sedert 1970 die hoof van die Departement Immigrasie van die Ambasade in Londen. Haar ouers woon in Putney, Londen. Sy is een van drie kinders en haar broer en suster woon ook in Suid-Afrika.

Gedurende die Julievakansie toer sy en haar ouers gewoonlik en die keer gaan hulle na Italië. Tydens Desember en Januarie bly hulle maar net in Engeland omdat dit te koud is om dan te toer.

Annelise sê sy sal nie graag in Londen wil bly nie. Sy hou van die Puk, maar verlang darem baie na haar ouers. Hoe dit voel om terug te keer na Potchefstroom. Dit is sommer aaklig, beweer sy, maar net vir 'n rukkie, want sy sien weer altyd uit na volgende vakansie.

Ons Nuus-Aster kan natuurlik nie wag dat die vakansie moet aanbreek nie. Sy moet baie lekker kuier, maar ook weet dat ons baie jaloers is!


CACHET MODES
DIE DAMESWINKEL
bied u
SOMERMODES
wintermodes
ONDERKLERE
broekkouse
TOMSTRAAT 92


# So gesels slepers

„Ek gaan eerder met 'n Pote-aster of dan liewer met 'n tikster uit as met 'n Puk-aster". Dit is 'n opmerking wat nogal baie gehoor word deesdae in ons geledere. Waarom so gesê word is glo omdat ons asters te hoogmoedig is. Hulle praat te veel emansipasie, laat die ouens minderwaardig voel en het glo nog nooit die „vrou-wees stadium" bereik nie.

Ons wil tog maar vra dat die sterk en slim manne met ons oor atuele sake sal gesels sodat ons kan sien en leer hoe ander studente dink en voel.

Ons het u kort meningsopname gemaak van wat onder bespreking is tydens sleeptye.

Die mans is gevra om hulle menings te gee.

**M.B.A.** (na uurs).

Ons gesels veral oor die lewe. Godsdiens speel 'n groot rol in ons gesprekke. Ons maak graag planne vir die toekoms.

**B.Comm III-student.**

Ons praat baie oor „Petty Apartheid", oor popmusiek en veral nuwe plate. Ek is haker vir my koshuis en ons bespreek die span baie. Ons kla baie oor die dosente se grief teen langhare en ook kla ons veral oor hoe die akademie druk.

**B.Juris. I-student:**

Ons gesels graag oor menseverhoudings, maar ons skinder nooit. Oor die akademie en politiek praat ons nooit.

**B.A. (L.O.) III-student:**

Ek sleep eintlik vas op 'n ander plek maar kan nou nie weet of sleep net 'n gewoonte is of nie. So af en toe bespreek ek dit dan met 'n aster net om my probleem te formuleer. Ek dink ook nie dat die massa 'n ou wat vassleep maar tog soms hier na 'n aksie of 'n ding saam met 'n meisie saam, moet veroordeel nie. Hoe meer mense jy leer ken hoe sekerder is jy van jou saak as jy regtig die dag vrou vat.

**Honneur Chemiese-student:**
(sleep so pas een jaar vas).

Tydens sleeptye baklei ons veral oor die feit dat my aster so min swot en sy met my omdat ek te min met haar sleep. Ons praat oor studente-betogings en dink dit is simpel, laat hulle dit eerder uitbaklei by die stembus. Ons praat nie oor wat ek swot nie, dit raak te in-

● Vervolg op bl. 3.

# Soek senior dame

Liewe Aster,

Dit gebeur dikwels op die plaas dat 'n ou ongewone dinge aanvang, veral as hy die uwe is. Daarom wil ek 'n deurbraak maak om die eerste ou te wees wat adverteer om 'n aster — vir my broer.

Ek het 'n broer wat ingenieur is op 'n naburige dorp. Hy is 28 en ongetroud. Hy hou van die buitelewe, seiljagvaart, skyfskiet en muurbal. Hy kan koskook, het 'n goeie trekking en is aangename geselskap.

Senior dames kan aan my skrywe en belangstellings en studierigting en jare vermeld. Ek sal hulle dan persoonlik kontak en 'n ontmoeting bewerkstellig.

„Uitsoek,"

Makouvlei.

## NOODBERIG

Daar word gesoek na al die mans, kort of lank, aantreklik of lelik, wat per fiets of motor reis, om onmiddelik hul naam en van te verstrek aan die eerstejaar-dames wat op diens is in dameskoshuise. Dit geld natuurlik net as hulle slepe nie daar is nie.

Dit staan in verband met boodskappe wat asters ontvang wat lui: „'n Man het gebel — geen boodskap."

(Die asters wil tog so graag weet wie geskakel het — mnr. Anoniem).

# ASTER

DEUR JESSICA



(*Fotokuns*).

# VROULIKE VOORKOMS VIR DIE WINTER

**TOT TYD en wyl die broekpak nog nie heeltemal oorgeneem het nie, sal die dames maar die beste — of die warmste? moet maak van hul basiese kledingstuk — die rok.**

Die hoofdoel van veral wintersklere is om jou warmte binne te hou, en ek lei dus af dat mini's nie kwalifiseer nie — „tensy koue blou bene" pas by jou kleurskema.

Moet ook nie al die warmte wil behou en niks vir die oog oorlaat nie — dus, veral bedags as mens goed kan sien — hou maar die enkels oop en dan nog hoog genoeg oop dat mens kan sien hy het 'n kuit ook nog! Die knie-lengte rok is pragtig vroulik.

Stewels vorm natuurlik ook 'n groot deel van 'n wintersuitrusting en kan by verskillende uitrustings baie goed pas. Moet net nie jou dik wit kouse by 'n bont-uitrusting dra nie — hulle trek genoeg aandag en 'n effekleurige uitrusting sal verder jou kanse komplimenteer.

Knusse gehekelde mussies en barette kan jou hele voorkoms „met die tyd" maak en buitendien is dit sommer nog warm ook

Wintersklere hou gewoonlik langer as een seisoen en moet dus goed gekies wees, sodat dit nie „gedateer" kan word nie.

Indien jy die seisoen regtig „in" wil wees en hom nou nog wil vang, doen iets aan jouself — en lyk of jy uit 'n familieportret van 1920 gestap het. Ja, mens kry nou weer „platvorms" — met oop tone! Maar ek het gedink jy wou warm wees in die winter!

Ons mans gee dus nie om hoe warm julle aantrek nie — maar onthou ons hou van 'n mooi meisie.



Ben van der Walt en Flip Dwinger afgeneem by 'n foto wat Flip geneem het. *Fotokuns.*

# RETORIESE VERENIGING DOENIG

**DIE RETORIESE VERENIGING het 'n bedrywige semester agter die rug. 'n Hele paar interessante lesings is tydens die vergaderings gelewer, in besonder oor die Retoriek of Redenaarskuns.**

Vir die sprekers was o.a. dr. P. W. Buys wat oor algemene beginsels in die retoriek gepraat het. Hy is 'n kenner op die gebied. Mnr. Zak Ferreira het die vergadering een keer ingelui met 'n bespreking van die instelling van heildronke, aangesien elkeen tog eendag 'n heildronk moet instel of daarop antwoord, het mnr. Ferreira van goeie voorbeelde gebruik gemaak. Toekomstige bruidegomme sou baat by hierdie byeenkoms gevind het.

Op 'n onlangse vergadering het mnr. Kerneels van Niekerk die uiters belangrike posisie van 'n voorsitter op 'n vergadering bespreek. Kritiek is ook gelewer op die wyse waarop sommige voorsitters van vergaderings hier op die PUK hulle amp vervul.

Die Retoriese Vereniging het ook uitgebrei na POTE met 'n debat teen hulle beste sprekers op 26 Julie 1972. Verder het die vereniging ook die jaarlikse redenaarskompetisie in volgende semester.

Volgens die bestuur van hierdie vereniging is nuwe lede baie welkom, maar hulle verkies om nie te veel persone op 'n vergadering te hê nie. Sodoende kan individuele aandag geskenk word aan elke spreker, wat net so aktief aan die vergadering deelneem, as die hoofspreker self.

● Vervolg op bl. 8.

# FOTOGRAWE STAL BESTE UIT

**DIE UITSTALLING wat 6 en 7 Mei deur die Fotografiese Vereniging in die Frans du Toitgebou gehou is, was volgens die voorsitter, mnr. Ben van der Walt, 'n groot sukses. Die foto's was van 'n baie hoë gehalte. Nege van die foto's het van Johannesburg af gekom en is geneem deur professionele fotograwe. Die res is deur lede van die vereniging geneem.**

Die foto's wat deur die lede uitgestal is, was in sommige gevalle van net so 'n goeie gehalte en beter as die van die Johannesburgse fotograwe (waarvan party van internasionale standaard was). Aangesien die vereniging eers vanjaar op dreef gekom het, is dit 'n groot prestasie.

Die vereniging het by die PSSA aangesluit en lede se foto's sal daarheen gestuur word vir kritiese evaluering. Sodoende hoop hulle om die standaard nog verder te verhoog. Hulle hoop ook op fondse om hulle donkerkamer beter toe te rus.

Van 1 tot 14 Oktober beoog hulle weer 'n uitstalling, hierdie keer van slegs die werk van die lede. Die opening sal waargeneem word deur mnr. Rosevitz van Technico, Johannesburg. Hy is ere-president van die vereniging.

Die foto wat hiernaas geplaas is, is geneem deur mnr. Flip Dwinger van Uitspan, op 'n Florna-kamp te Sordwanabaai in November 1971. Dit is niet sonsopkoms geneem.

Mnr. Ben van der Walt beskou hierdie foto as „van die hoogste gehalte, veral wat komposisie en kleur aanbetref. Dit behoort goeie toekennings op foto-uitstallings te verkry. Treffend van die foto is die swart silhoeëtte van die meisie en die bome op die voorgrond teenoor die wolkformasie waardeur die son breek. Daar is 'n goeie balans tussen die son, silhoeët en die bome. Wat die foto uitsonderlik maak is dat hy op 'n afstand van ongeveer tien voet driedimensionele diepte verkry. Dit word veroorsaak deur die skerp kontraseffekte."

Die foto sal vanaf Maandag 19 Junie in Fotokuns se venster tentoon gestel word. Die vereniging se ‚Foto van die Maand' sal ook elke maand daar tentoon gestel word en sal ook in *Die Wapad* verskyn.



FOTO-UITSTALLING *Foto: Flip Dwinger.*

# Reis-aanbod vir Pukke

Mnr. Frans Kruger wil die volgende sake net onder die aandag van die studente bring:

1. Die „Cruise Passenger Agents" van Durban, in medewerking met die Komitee vir Openbare Betrekkinge van die Studenteraad 'n aanbod aan voornemende studente wat oorsee wil gaan, die volgende aanbod maak:

1.1 Ses studente wat as 'n groep saamgaan, kan per luukse boot van 'n Franse redery teen die normale bedrag, minus 15% afslag vaar.

1.2. Agt studente betaal as 'n groep die normale bedrag, minus 20%.

Studente wat hierin belangstel, kan Mnr. Kruger kontak.

2. Die A.S.B. wil weereens melding maak van die „Internasionale Studentekaart" wat uitgereik word deur die Nederlandse Buro vir Buitelandse Studente betrekkinge. Inligting hieroor is ook by Mnr. Kruger verkrygbaar.

3. Lidmaatskap van die „Suid-Afrikaanse Jeugherbergvereniging" wat inhou dat studente dwarsoor Europa teen R4,50 lidmaatskapsgelde, teen 'n baie lae tarief gehuisves kan word.

# So gesels slepers

● Vervolg van bl. 2.

gewikkeld as ek te veel moet verduidelik. Ons praat oor haar werk want dit is baie interessant. (Farmasie III).

**B.Comm II-student:**
Ek sleep nie op die Puk nie, want die hoogmoedigheid straal uit Puk-asters. Dit is egter lekker om sommer net ontspanne te gesels. Meestal leen ek net asters se lesings en dan gesels ek met hulle.

**B.A. III-student:**
**B.Juris. II-student:**
Ons het dieselfde belange, bespreek graag gedigte. Gesels net oor aktuele sake as dit kwaai in die nuus is.


## STADSRAADTUSSENVERKIESING



WYK 2 — POTCHEFSTROOM

1972

DR. KOOS VAN DEVENTER

Geagte Studente,

Dit is my voorreg om 'n kandidaat vir die eksklusiewe wyk 2 aan u voor te stel:

Die wyk behels die P.U. vir C.H.O., die Militêre kamp en die Witrand Inrigting. Dit is my beskeie mening dat hy die nodige akademiese en professionele kwalifikasies besit om hierdie wyk in die raad te verteenwoordig deur:

- Hy 24 jaar in Potchefstroom woonagtig is en baie noue ‚kontak met genoemde instansies gehandhaaf het.
- Hy afgesien van sy professionele opleiding aan ander Universiteite, vir die laaste 3 jaar 'n buitemuurse student aan die P.U. vir C.H.O. was.
- Hy 15 jaar 'n Offisier in die Burgermag was en vir dieselfde periode ook 'n lid van die Potchefstroom se Weermag-skietspan.
- Hy lid was van 3 Springbok skietspanne 1960, 1962 (kaptein) en 1963.
- Hy voorsitter van die S.A. Nasionale skietraad was.
- Hy meer as 22 jaar lid van die bestuur van die Potchefstroomse volksteater is.
- Hy die belange van die Witrand-Inrigting, die Militêre Kamp en die P.U. vir C.H.O. op die hart dra.

Hy sal dit sy spesiale taak en plig beskou om hierdie inrigtings se belange te bevorder en steeds te trag om hierdie Inrigtings se spesifieke waarde vir ons gemeenskap as 'n geheel te propageer.

Opgestel en geplaas deur Prof. W. J. de Klerk, Huis Karlien, P.U. vir C.H.O. Potchefstroom.

die WAPAD

# ONS TAAK

Dat die Puk tot op datum gevrywaar is van opstande en betogings is iets om oor dankbaar te wees, maar dit gee ons geensins rede om agteroor te sit en ons hande te vou nie. Daar rus 'n taak op ons skouers om nie alleen deur stilswyende optrede nie, maar ook deur openlike distansiëring van sulke laakbare gedrag te toon wat ons werklike houding is.

„Die Witsies erken nou openlik dat hulle die stryd teen die polisie verloor het en nie lus is vir verdere konfrontasies nie. Op 'n monstervergadering gister by die universiteit is nuwe planne beraam vir die ‚sielkundige oorlog' wat nou voorlê" berig *Die Transvaler* van 13 Junie 1972.

„Prof. Reveille Mason, van die departement Argeologie (van Wits) was danig bekommerd dat Witsies na die vergadering weer sal betoog. Hy het by hulle gepleit om uiteen te gaan sodra die vergadering verdaag. Hy het gesê studente moet eerder met hulle Afrikaanse vriende praat en hulle vertel van hulle wanhoop", berig *Die Transvaler.*

Die feit dat daar sommige van die radikale betogers is wat nou bereid is om die saak te bespreek, is 'n belangrike ontwikkeling. Dit is egter ook hier waar ons verantwoordelikheid lê en waar ons duidelik en onomwonde ons saak positief moet stel. As ons wil hê dat daar 'n beter verstandhouding tussen verskillende groepe in ons land moet ontstaan, is dit ons plig om ons nie te distansieër van andersdenkendes nie, maar met alles in ons vermoë te poog dat hulle tot beter insigte kom.

'n Probleem wat stremmend inwerk op die verkryging van 'n beter verstandhouding, is die feit dat so baie Pukke geen belangstelling toon in die hedendaagse politieke situasie nie. Die studenteleraar van die Metodistekerk, eerw. Peter Storey, het voorgestel dat dat die Witsies „die openbare mening moet mobiliseer, dat studente op huisbesoek moet gaan en mense moet oorhaal na hul kant". As ons in so 'n situasie moet beland, sal ons opgewasse wees teen hulle argumente en redenasies?

Dit is ons taak om onsself deeglik te onderlê in ons huidige situasie en daar moet nie uit die oog verloor word dat die jeug van vandag oor tien of twintig jaar leiers vir die bestuur van ons land moet oplewer nie. Daar lê dus harde werk vir ons voor.

# Geniet die toer


Dit het al 'n instelling geword dat die Julievakansie by uitstek 'n toervakansie is. Alabama en Thalia toer al sedert die veertigerjare en op hulle onderskeie terreine het beide aan die breë publiek gewys wat op kultuurgebied hier op die Puk aangaan. Die Universiteitskoor onderneem hierdie vakansie hulle eerste vollengte toer en dit lyk of hierdie groep dieselfde welslae gaan behaal.

Verskeie sporttoere word ook die vakansie onderneem en dit verdien vermelding dat 'n aantal Korpslede na Sekoekoeniland gaan om daar sendingwerk te doen. Die winterkoue skrik Montium nie af nie en 'n aangename tyd van klim ne klouter lê vir hulle voor.

Sterkte met die toere en hou die Puk se naam hoog!

# DIE INTELLIGENSIA — MARIONETTE

**Deur Tienie van der Walt (Th.B. IX)**



(*Fotokuns*).

Studente-onluste, betogings en optogte het ons land met 'n skokgolf getref. Mobilisasie het noodsaaklik geword, maar weet ons watter wapens om te gebruik? Voordat ons nie die aard van die gevaar in regte perspektief sien nie, sal ons in ons diepe slaap oorval word.

### HUIDIGE TOESTAND.

**Aanvallers:**

Die speerpunt van die aanval vind ons in die Universiteitsgeledere: studente met ondersteuning van dosente en professore. Studente rebeleer, protesteer en betoog.

**Verdedigers:**

Die S.A.P. en duisende stilswyende simpatiseerders.

**Aanvalsfront:**

Skole: dink maar aan die pamflette wat by ons skole versprei is waarin die skoliere aangemoedig word om die gesag van die onderwysers te verbrokkel. In Engeland gaan dit nou al so ver dat onderwysers selfs om polisie-beskerming moet vra teen hul skoliere.

**Universiteite:**

Sommige jong studente wat nog vasgevang sit in die groeipyne van hul adolessensiejare, word verlei om deel te neem aan optogte en wetsverydeling. Studente-organisasies gaan wetenskaplik te werk om studente met die griewe-ideaal te vergiftig.

**Kerke:**

Geestelike leiers steun hierdie bewegings van anargie en revolusie in die naam van Christus. Kerkleiers stap hand aan hand met hierdie agitators.

**Media:**

Die wapens wat in hierdie offensief gebruik word, is: koerante, bioskoop, teater, musiek, volks- en godsdienstige feeste. Almal is bewus van die meelewing en trane-simpatie van ons Engelstalige pers met hierdie „onskuldige vryheidsvegters".

### HISTORIES.

Die bogenoemde feite kry eers perspektief as ons onder die rommel van die verlede gaan rondkrap. Kyk maar self hoe die legkaart inmekaarpas.

**Aanvallers:**

Is dit toevallig dat die frontvegters onder studente, dosente en professore aangetref word? Luister dan weer na 'n stukkie strategie wat al in 1920 uitgespreek is: Studente, leerkragte en professore is nodig om die revolusie te laat slaag. Die strateeg was niemand anders as die groot Russiese leier, Josef Stalin nie.

## Studentemening

Stalin het besef dat as die intellegensia van 'n land gewen is, is die stryd gewonne. Waarom die studente? Studente van vandag is die leiers van more. Studente is meestal nog jonk en vol van die vuur en drif van die jeug en daarby al te dikwels ook maklik vatbaar vir die revolusiementaliteit.

Dit is egter nie alle studente wat vatbaar is vir hierdie oortuigings nie.

Die New Left beweging in die V.S.A. beskryf die tipe student wat hulle onder hul magsfeer kan kry: „What's needed is a generation of people who are freaky, crazy, irrational, sexy, angry, irreligious, childish and mad; people who burn high school and college degrees; people who lure youth with music, pot and acid; people who break with the status-role-title-consumer game, people who have nothing to lose but their flesh."

Met u hierdie tipe persoon onder ons betogende-stakende-gillende studente? Hierdie mense word aan hul neuse rondgesleep deur 'n klein groepie deskundiges wat die vryheidswortel voor hul neuse rondswaai Het u al 'n normale, klam, godsdienstige en volwasse persoon onder ons illusie-veggers se geledere gesien?

**Verdedigers:**

Verdraagsaamheid; medemenslikheid en vryheid. Wie is nie al keelvol van hierdie slagspreuke waaronder alles deesdae geregverdig word nie? Daar is geen groter bedreiging vir die mensdom as vryheid en medemenslikheid wat losgeslaan is van sy bande met God nie. Die tragedie van hierdie mense is dat hierdie vryheid waarna hulle dorstige siele so naarstiglik smaak, die grootste illusie is wat die mens nog deur die eeue vir hom opgebou het.

Onder die slagspreuk van vryheid, gelykheid en broederskap het Frankryk soos 'n slagplaas gelyk tydens die Franse Revolusie. Onder die vlag van vryheid en medemenslikheid vaar die bootjie van opstand, moord, verkragting en godslastering rustig voort.

Wie egter in die pad van hierdie droom-jagters te staan kom, kry te doen met ‚heilige' verontwaardiging.

**Aanvalsfront:**

Die spyker in hul doodskis in S.A. is die Polisie. Soos *Die Vaderland* van 5 Junie dit baie treffend stel: „Die buitelandse tegniek van agitasie is nou al so oorbekend dat S.A. studente geen simpatie hier moet verwag nie. Die taktiek is heel eenvoudig — begin agiteer, hou aan en aan, word al hoe vermeteler en uittertender — TOTDAT DIE POLISIE OPTREE. En hoop en bid dat die polisie te hard sal toeslaan, want dit is presies wat hul taksiese bedoeling was. Dan kom die getjank ten hemele . . ."

Hierdie metode van uitlokken-hoop-vir-die-ergste en dan 'n patetiese verontwaardiging, is 'n tipies psigotiese projeksie-tegniek van die verwarde intellengensia-marionette. Die wat teen hulle optree word as die skurke uit uitgejou en die oortreders word voorgehou as onskuldige wesies.

Laat maar gerus die knuppeltaktiek aan die polisie oor, dit is hul plig en taak. Vergewis u egter van die front waar die stryd woed en die media waarvan gebruik gemaak word. Daar is 'n plek vir die normale, skoon volwasse intelegensia om hul stem te laat hoor.

Ouers word gerus wakker. Dit is julle kinders wat die mikpunt van die aanval is. Studente gebruik julle intellegensie en jeug-vuur om gemobiliseer te raak, anders sal julle slegs werktuie in die hande van die meesterstraateeg wees.

**Media:**

Die geskrewe woord het nou eenmaal meer gesag as die gesproke woord. Ons mense word gebreinspoel deur linkse koerante. Soos *Die Vaderland* dit stel: Na die polisieoptrede „. . . kom die getjank ten hemele, die aantygings van polisiegeweldadigheid, uitgedra deur 'n gedienstige pers soos die Engelse in ons land in die beste Hollywoodiaanse melodramastyl".

Die Kommuniste het jare gelede al besef dat daar net een finale struikelblok in hul weg is: godsdiens. Daarom is spesiale Ateïstiese Huise gestig. Spesiale professorate is in die lewe geroep om die Christendom te bestuudeer en propagandamiddels teen hulle uit te werk.

Die bevindings was dat die godsdiens subtiel afgetakel moet word. Die middele is skole, universiteite, teater, radio, televisie en litterêre werke. Behou godsdienstige- en volksfeeste, maar vul die feesvieringe geleidelik met 'n ander inhoud. Ons kan hier dink aan die popfees wat beoog is op geloftedag verlede jaar. Of dit bewustelike afkraak tegniek is of nie, die resultaat bly die selfde.

In 1965 het Abraham Fischer die volgende voorgestaan: „Vroue- en studente-organisasies, progressiewe kerkmanne, koerante, joernaliste en selfs professionele verenigings (die van advokate, dokters en onderwysers, ens.) moet by die stryd om vryheid betrek word . . ." Ons sien die deurwerking al by student kerkmanne, koerante en joernaliste, Wanneer gaan

● Vervolg op bl. 9.


# Redaksie

HOOFREDAKTEUR:
Gerrit Pienaar (6370).
SUBREDAKTRISES:
Amanda Attwell (3211).
Nicolette van der Walt.
SEKRETARIS-PENNINGMEESTER:
Dave van der Walt (2067).
SIRKULASIEBESTUURDER:
Kobus van der Walt (2030).
ALGEMENE NUUS:
Quintus Pelser (2171).
SOSIAAL:
Wilma van den Dool.
DAMESBLAD:
Jessica Knoetze (3214).
KOSHUISAANGELEENTHEDE.
Riaan Odendaal (2024).
AKADEMIES:
Willemien Jerling (2037).
KUNS:
Jessica Knoetze (3214).
SPORT:
Gert van Jaarsveld (2030).
FOTO'S:
Danie van Graan (4722).
Geneem deur Fotokuns.
SPOTPRENT:
Erich Feierabend.


# Uit die Woord

*Mattheus* 6:9 — „*Laat u Naam geheilig word*".

Die Spreukedigter het tereg gesê: „'n Naam is verkiesliker as groot rykdom." Verloor 'n mens sy goeie naam, verloor hy invloed en vertroue.

Sal 'n goeie kind toelaat dat sy pa se naam in die modder vertrap word? Nee!

Enige mens raak ontstoke as sy naam in die gedrang kom! Veel meer rede het God tog om Hom te vertoorn as sy hooggheilige Naam gelaster en misbruik word!

Ons bid dikwels: „Laat U Naam geheilig word," maar leef ons dit in die praktyk uit? God eis dit van ons in die derde gebod!

Niemand kan neutraal staan nie. Ons ook nie. Daarom kan ons nie maar met die hedendaagse „kultuur" meegaan en die lastertaal van die wêreld ignoreer nie. Ons kan ook nie net die skouers optrek oor rolprente soos „Paint your Wagon" nie — dit is geen verskoning voor God om te sê: „Dit is mos maar soos die mense gepraat en gelewe het," nie.

Christus skrywe sy Naam op die voorhoofde van sy uitverkorenes en Hy laat ons op sy Naam vertrou. Deur sy soenverdienste het Hy vir ons die ewige saligheid verwerf.

God het aan ons die heerliks verwagting geskenk om ons nou al — in hierdie bedeling — te dra, nl. dat ons eendag deur Hom sal ingaan in sy heerlikheid om sy heilige Naam in ewigheid te prys.

Met die heerlike vooruitsig moet ons dus 'n valse bedagsaamheid vergeet. Ons moet 'n vriend(in) vermaan as dit nodig is. Om te swyg en die laster toe te laat, beteken dat jy jouself en jou vriend laat skade ly. Dan loop ons die gevaar om 'n vloekende volk te word.

Moenie swyers wees nie, maar wees VREUGDEBODES en GETUIES van God se genade wat Hy in Christus aan ons betoon het.

H. de V.

# So het A.S.B. onts.aan

**IN HIERDIE tyd, wanneer die winde van verandering oor die Afrikaanse studentelewe waai (sien berig oor die ASB-kongres), is dit gepas om historiese perspektief te verkry oor die Afrikaanse studentebeweging. Wanneer dit van naderby beskou word, sal dan ook telkens gevind word dat dit onlosmaaklik gekoppel is aan die geskiedenis en groei van die Afrikanervolk, want in beide se bestaan vind ons dieselfde ideale en strydpunte. Die taalstryd is 'n goeie voorbeeld hiervan.**

Die Afrikaanse Studentebond het sy ontstaan in 1911 gehad met die stigting van die Studenten Werda Komitee — uit die as van die Tweede Vryheidsoorlog is opgestaan om te veg vir taalregte. In 1914 is weer saam met die rebelle opgestaan teen die onderdanigheid aan die Britse Kroon.

In 1916 het die Noordelike sentra die Afrikaanse Studentebond in Pretoria gestig en het ook die bevordering van die Afrikaner se taal voorop gestel. Na die oorwinning van die Nasionale Party in 1924, wat die Afrikaner die politieke mag gegee het, en as gevolg van die afwesigheid van werklike strydpunte het die ASB teen 1930 geen lewenskrag meer geopenbaar nie.

**NUSAS:**

In 1924 word die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) gestig met Afrikaans en Engelse studente in een en dieselfde organisasie verteenwoordig. Binne NUSAS het Britse imperialisme en Afrikaner nasionalisme tot ernstige botsings gelei. A.g.v. die al hoe meer linkse en liberale rigting wat NUSAS ingeslaan het, het die Afrikaanse studente hulle al hoe minder tuis gevoel in die organisasie sonder grondslag. Met die herlewing van die Afrikanerstryd na die erkenning van Afrikaans en die verkryging van die Suid-Afrikaanse vlag het die Afrikaanse studente 'n al hoe sterker drang gevoel na 'n organisasie wat op Protestants-Christelike en kultureel-nasionale grondslag berus waardeur hulle 'n nasionale samehorigheid sal kan kweek en deel kan hê in die Afrikaner se stryd.

Dit loop in Augustus 1933 uit op 'n distansiëring van NUSAS deur Bloemfontein, Potchefstroom en Pretoria. Op 9 September 1933 stig hierdie 3 sentra die Nasionale Studentebond wat berus op die grondslag soos hierbo omskryf.

**TWEEDRAG:**

Op 14 Oktober 1933 vergader verteenwoordigers van die GUK, UP, PUK, US en die Onderwyskolleges van Pretoria, Bloemfontein, Potchefstroom en Steynsburg in Bloemfontein. Na 'n besielende toespraak deur dr. D. F. Malan word oorgegaan tot die stigting van 'n nuwe studente-organisasie, die Afrikaanse Nasionale Studentebond. Die Tweede Wêreldoorlog het egter a.g.v. die tweedrag tussen die Ossewabrandwag en die Nasionale Party die Afrikaner tot by sy kern verdeel. Die ANS, wat al hoe meer aansluiting gevind het by die Ossewabrandwag, het saam met die OB die onderspit gedelf. So het die Afrikaanse studente sonder 'n nasionale organisasie die naoorlogse jare tegemoet gegaan.

Dr. Malan se wekroep „Bring bymekaar wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort" het tot gevolg gehad dat die huidige ASB op 14 Augustus 1948 gestig word. In 1955 word die mylpaal bereik waar al die Afrikaanse inrigtings vir hoër onderwys geaffilieërde takke van die ASB huisves en word eie Bond die grootste studente-organisasie in Suid-Afrika. In 1968 disaffilieër Stellenbosch van die A.S.B.

**VERENIG:**

By sy stigting het die ASB dus met 'n suksesvolle en verenigde Afrikanerdom te doen gehad. Die rassevraagstuk het egter sedert die bewindsoorname van die Nasionale Party 'n al hoe groter rol begin speel en die ASB het hom tot 'n al hoe groter mate aan hierdie vraagstuk gewy.

Dit kan nie ontken word dat die suksesvolle deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling die dringendste en aktueelste ideaal is waarmee die Afrikanerstudent van vandag gekonfronteer is. Daarom moet die ASB hom met hernude ywer op die verhoudingsproblematiek in Suid-Afrika toespits.

## *Gewyde musiek by konservatorium*

In die reeks "Musica Nova" (musiek van die afgelope honderd jaar) het die Musiekdepartement op Sondagmiddag, 18 Junie om 3.30 nm. 'n program van hedendaagse gewyde musiek in die Konservatoriumsaal aangebied. Die volgende kunstenaars het in die program opgetree:

Sarie Lamprecht (alt), Sjoerd Beute (tenoor), Martie Koornhof (orrel), Hans Babst (orrel), Arrie van Namen (orrel), Koor van die Collegium Musicum onderleiding van Pieter de Villiers, Paul Schutte (verteller), Johan van Rensburg (kontrabas), Hennie Coetzee (orrel).

Die program het onder andere werke van Benjamin Britten, Messieau en Paul Ernst Ruppel ingesluit. Dit word beskou as 'n uiters geslaagde uitvoering en die hoop is uitgespreek dat meer sulke konserte aangebied sal word.

# Deur my lens

### *Reflektor*

Ek is geen sielkundige nie en daarom sal ek bly wees as iemand vir my 'n aanvaarbare verduideliking kan gee van sekere aspekte van die optrede van sommige van my medesterflinge wat my baie kielie.

Kom ons kies een voorbeeld uit talle: die man/dame met die motor. Wat sou die geestelike motivering wees by so 'n persoon om van hierdie groen/rooi/swart langhaargedoentes by die voor en/of agtervenster van sy motor te sit? Of 'n hondjie/katjie/geraamte aan die truspieel op te hang? Dit laat my met heimwee terugdink aan die lemoentjie op die lugdraad van 'n paar jaar gelede.

En dan praat ek nie eers van die geverfde strepe, verchroomde gedoentes, „stickers" en dubbele uitlaatpype nie. Ek is bewus van die feit dat daar verskeie motors is wat dubbele uitlaatpype as standaardtoerusting het. Oor daardie motors en die storie wat vir die waarheid vertel word dat een van die uitlaatpype vir die bestuurder sou wees wil ek my nie nou uitlaat nie.

Volgende prototipe op my lys is die sportman wat so nonchalant 'n rugbytrui/krieketkolf/tennisraket op die agterste rakkie van sy motor laat lê; of regstudent wat „Die Suid-Afrikknase Hofverslae" ooglopend in sy motor vertoon, of die ander ou wat 'n kussing tussen die voorsitplekke van sy motor ingedruk het.

En dan kry jy die ou met die radio en 8-baan stereobandspeler ingebou in sy motor. Hy en drie vriende (hy noem hulle sy tjomme) word gewoonlik by 'n robot (naby 'n hotel), of by 'n padkafee waar hulle obsene dinge vir die kelner skree, aangetref.

Hulle elmboë sal almal by die vensters uithand en die radio sal met die volume vol oop op L.M. blêr, terwyl die 'n bandopname van Tom Jones/Percy Sledge/Engelbert Humperdinck jou vol volume tref waar L.M. jou skotvry laat kom het.

Maar wat my die heel stomste slaan is hierdie verkragters van Afrikanertradise wat in hul eenvoud nie agterkom wat hulle doen nie. Dit is naamlik die man wat met 'n ou paprandhoedjie by alle ongepaste (want daar is geen gepaste geleenthede daarvoor nie) geleenthede 'n gek van homself kom maak.

Red so 'n . . . .

Groetnis,

REFLEKTOR.

# BEVEG ONDERMYNING POSITIEF

**OP DINSDAGAAND 13 Junie is 'n gesamentlike programvergadering deur K.V.V., P.N.B. en A.B.K.K. aangebied. Die onderwerp, wat effektief op die kampus gepropageer is met rooi vraagteken-plakkate, was „Ondermyning" en is van drie kante af toegelig deur prof. B. Duvenage, prof. J. D. van der Vyver, dekaan van die fakulteit Regte en mnr. Jannie Kruger, hoof van die Publikasieraad.**

Prof. Duvenage was die eerste spreker en het gepraat oor die „Ideologiese agtergrond van die Revolusie." Hy het gesê dat dit ons taak is om revolusie te verstaan — positief en negatief. Hy het die geskiedenis van re-revolusie behandel en gewys op die verbindingsdraad tussen humaniste soos Marx, Feuerbach en Marcuse en daarop gewys dat die huidige revolusionêre gees wil teer op 'n gevoel van ontevredenheid. Hy het gesê dat die universiteite hulle doel ten opsigte van mensvorming mis en so ook die staat. Ten slotte het hy ons as Christen-studente aangespoor om nie teen verandering te wees nie, maar om die samelewing te reformeer na die eis van God.

Prof. van der Vyver het die revolusie uit die oogpunt van die jurie behandel. Revolusioniste onder jongmense is nie bloot 'n spul kommuniste nie, maar revolusie is vandag 'n reaksie teen 'n situasie. Hy het die beeld getipeer van die gees van revolusie wat in Amerika heers en gesê dat dit 'n vreemde geesteshouding is wat by ons geplant word en dat dit 'n vrugbare teelaarde vir kommunisme is. Ons as Afrikaners sal daadwerklik moet help bou aan 'n nuwe toekoms wat sal aanpas by nuwe omstandighede.

Mnr. Jannie Kruger se onderwerp was „Kulturele ondermyning." Hy het eers gewys op selfondermyning in godsdiens, geskiedenis en taal. Ons taal is ons enigste eie besit wat ons nie hoef te deel nie. Hy het dit beklemtoon dat 'n volk uit sy geskiedenis leef. Hierna het hy gepraat oor die ondermyning van buite en gewys hoe sterk ons sal moet staan om ons kultuurpatroon prinsipieël gewortel te hou.

Na die vergadering het die sprekers en ander belangstellendes verversings geniet in die kafeteria.



„DIE ENJIN SIT AGTER"

# HEIDENE BESK...... CHRISTENE

**„WAT BESONDERE misdade betref, gee die Strafregsisteeem in sekere opsigte 'n spieëlbeeld van die sedelike opvatting van die bepaalde tyd, en in die opsig is die Romeinse Strafreg, wat heidens van herkoms is, vir ons Christene 'n beskamende voorbeeld.**

Owerspel is in die Romeinse reg as 'n misdaad beskou en ook as sodanig gehandhaaf selfs in 'n tyd toe daar ingrypende sedelike verval plaasgevind het." Dit is die mening van prof. S. Postma, wat sy intreerede as hoogleraar in Romeinse Reg op 26 Mei 1972 belewer het.

Volgens prof. Postma tref ons in die Romeinse reg duidelike voorbeelde aan van die ondeugde van daardie tyd wat dan deur misdaadbekamping aanbande gelê moes word. Algemene korrupsie in die „staatdiens" was skynbaar 'n onuitroeibare euwel.

Prof. Postma het gesê wat die spesifieke omskrywing van misdade betref, is dit sy oortuiging dat selfs vandag nog in baie opsigte na die Romeinse reg teruggegryp kan word. Gebreke was daar egter ook. Die Romeinsregtelike omskrywing



**PROF. S. POSTMA.**
*Fotokuns.*

van diefstal en hoogverraad is in baie opsigte gebrekkig, en tog het dit 'n sterk invloed gehad op ons huidige toestand met betrekking tot hierdie misdade.

Hy meen dat die Romeinse Strafreg nog met groot vrug bestudeer kan word, maar dan met oorleg. „Neem die goeie daaruit, maar pas ook terselfdertyd aan by die omstandighede van ons tyd."

Prof. Postma is nou die agtste professor in die Postma-geslag, en die vierde agtereenvolgend. Sy oupa-grootjie was prof. Dirk Postma, die stigter van die Gereformeerde Kerk; sy oupa was prof. S. Postma, professor van die Literariese Afdeling van die Universiteit op Burgersdorp en sy vader is prof. A. Postma, emeritus professor in die dept. Grieks aan die P.U.

Prof. Postma is getroud met mej. Bettie Venter. Hulle het twee seuns en 'n dogter.


**LINDEQUE'S** SKOENREPARASIES EN LEERWERKE

**Lombardstraat 64, Telefoon 4854.**



★

*Spesiale pryse aan Studente.*

★

Depots:
**Buit Droogskoonmakers en Wesvaal Wassery.**

**JOUBERT MEUBELS**

★

*Kom besoek ons vir*

**MEUBELS VAN GEHALTE EN GRAMMOFOONPLATE**

**Kerkstraat 201 POTCHEFSTROOM Telefoon 3420**

# Thalia gereed vir toer

**Na maandelange oefening is Thalia weereens strydgereed, hierdie keer om gedurende die komende vakansie nie minder nie as twee-en-veertig keer op die planke te kom. Hulle toerprogram sien vanjaar soos volg daar uit:**

22 Junie — Westonaria.
23 Junie — Lichtenburg.
24 en 25 Junie — Rustenburg.
26 Junie — Mafeking.
27 Junie — Sannieshof.
28 Junie — Vryburg.
29 Junie — Kuruman.
30 Junie — Kimberley.
1 Julie — Bloemfontein.
2 Julie — Bloemfontein.
3 Julie — Reddersburg.
4 Julie — Colesberg.
5 Julie — Middelburg.
6 Julie — Graaff Reinet.
7 Julie — George.
8 en 9 Julie — Oudtshoorn.
10 Julie — Riversdal.
11 Julie — Bellville.
12 Julie — Bellville.
13 - 16 Julie — Boot.
17 Julie — Burgersdorp.
18 Julie — Aliwal-Noord.
19 Julie — Ficksburg.
20 en 21 Julie — Welkom.
26 Julie — Potchefstroom.
27 Julie — Johannesburg.
28 Julie — Boksburg.
2 - 5 Augustus — Potchefstroom.
10 - 12 Augustus — Pretoria.
18 en 19 Augustus — Johannesburg.

Te oordeel aan die warm ontvangs en spontane applous op Saterdag 10 Junie te Vanderbijlpark, het die harde werk van die afgelope tyd nou begin vrugte afwerp. Dit was die eerste van 'n aantal beoogde optredes voor die vakansie.




(*Fotokuns.*)

# GELEENTHEID VIR REDENAARS

Die studente moet hulle solank begin regkry om hulle spreektalente op die proef te stel met die PUK se redenaarskompetisie volgende semester.

Die Retoriese Vereniging bied hierdie kompetisie aan en loof pryse van R20, R15 en R5 vir 1e, 2e en 3e plekke onderskeidelik uit. Die kompetisie vind op Woensdagaand, 9 Augustus 1972 in die Frans du Toit-saal plaas.

Plakkate sal in hierdie verband verskyn en gegewens en inskrywingsvorms sal volgende semester by die S.R.-kantoor verkrygbaar wees. Die Retoriese Vereniging se bestuur spreek die hoop uit dat almal wat enigsins in die spreekkuns belangstel, sal deelneem. Dit is tot elke PUK se voordeel om ondervinding op hierdie gebied op te doen.

Die eerste en tweede plekke se persone sal die PUK op die A.T.K.B. Inter-Universitêre Redenaarskompetisie in Pretoria op 16 September 1972 verteenwoordig. Hier is benewens die wisseltrofee, ook 'n prys van R100 op die spel. Dit klink alles die moeite werd om na 'n bietjie jou mond oop te maak en te praat!



**„Mens kan sien dis weer lente — almal is weer dubbel geparkeer."**

## Sangstudente presteer



**RIA LEMMER.**
*Fotokuns.*



**PHILLIP NAUDE.**
*Fotokuns.*

Drie studente van die P.U. vir C.H.O. het op 31 Mei uitstekend gevaar in die ope-afdeling van die Kroonstadse Kunswedstryd.

Die studente is mej. Ria Lemmer, (sopraan), Phillip Naude (tenoor) en Hennie van der Merwe (tenoor). Aldrie is sangstudeente van mej. Elizabeth Heyns. Die begeleiding is waargeneem deur Johann van der Merwe en Truida van der Walt, ook studente van die musiekkonservatorium.

Die studente het so te sê vir al hulle nommers A-simbole behaal en hulle werk is baie hoog deur die beoordelaar, mnr. P. J. Lemmer, 'n bekende in musiekkringe, aangeprys.

# OOR DIE ONDERDEUR

Hallo daar,

Aangesien die Puk-massa akademies georiënteerd was vir 'n wyle het ook die sleepaksies onder die knellende greep gebuk gegaan en dit verklaar dan ook waarom daar nie in die vorige Wapad skindernuusies verskyn het nie.

Akademies of nie, Agie was weer op die loer.

Die morfologiese ooreenkoms is kennelik merkbaar, of hoe Petro Venter en Peet? Asook Maryna Koen en Koenie du Toit.

Voorts op die akademiese terrein. Ilse Bester weet seker nou baie meer van Kultuurkunde, of hoe Gerrit Coetzee?

Rost is nie 'n baie algemene van nie en daarvan kan Liez van Wyk de Vries en Alta Opperman getuig.

Al gehoor van klaviere en proefbuise wat kombineer — Adrien Hoogenboezem en Philip Helmand weet hoe.

Karnavaltyd is die proeftyd vir baie liefdes, of hoe Roelien Hoogendyk en Andre Mans? So ook glo Anette van der Walt en Gerrit Viljoen.

Mama Mia, Signorita tuisgemaakte boeretroos gaan darem maar af, stem jy saam Dawid Naude?

„Hey Paps" die Paarl is darem ver, nê Chris Kotze?

Gerrie Labuschagne verkneukel hom in „Alice in Wonderland" stories.

Met Marius Schalekamp en Susan Venter gaan dit ook nog baie goed.

By die keuse van 'n nuwe rok sal Marlene Pretorius 'n Volkspele-rok in gedagte hou — Jaco het alreeds die onderbaadjie.

Trina Roestorf draf gereeld vir wind en so het sy vir Pieter Mulder ingehardloop.

Orsilla Scheepers en haar Willie trek reeds al 'n geruime tyd saam in die tuig. So ook Piet van der Walt en Valerie.

Rugby maak inbreuk op 'n mens se sleeptye — daarvan getuig Elize van der Walt en Martin Schutte.

Toemaar Rika Jordaan, ek weet Suidwes is ver, maar die vakansie is om die draai.

Jacques Verster beweer dat hy sy groot liefde in Charlotte gevind het. Net jammer Thalia en Alabama se toerprogramme stem nie ooreen nie, Louis van Rensburg en Anna-Marie Jacobs sit met dieselfde probleem.

Ben van der Walt se groen karretjie word deesdae heel dikwels by Kasteelopgemerk — wie is die gelukkige meisie Ben?

Elsa van Jaarsveld se kamer kyk uit op die Militêre Kamp net jammer dit is nie Lenz nie.

Strauss-walse is baie gewild by Marietjie Viljoen en Leon Strauss.

Huishoudkunde is 'n goeie belegging vir die toekoms vir mense wat aan trou dink nê Hester van Rensburg en Dave. So ook vir Thea Greyling en Willie Crause.

Van trou gepraat . Anri Myburgh en Abri le Roux het verlede naweek tot die groot stap oorgegaan. Baie geluk aan julle twee.

Geniet julle vakansie en moenie dinge doen wat ek nie sou doen nie.

AGIE.

N.S. Onthou ek loer.

# Debat met Pote

Die PUKKE gaan vroeg volgende semester 'n debat teen POTE hou. Hierdie aksie staan onder beskerming van en word aangebied deur die Retoriese Vereniging van die Puk.

Die onderwerp sal wees: „Die Sensorraad wil die Suid-Afrikaner se lewenswyse en uitkyk inperk!" Dit is baie aktueel en behoort goeie bespreking uit te lok.

Mnr. Nic Louw en mej. Annatjie Siertsema sal namens die PUK praat. POTE se sprekers is nog nie aangewys nie; maar hulle beloof om ook goed te wees.

Dit is een van die eerste interaksies op kultuurgebied na 'n lang tyd met die bure. Die debat is om 7.30 nm. op Woensdag, 26 Julie 1972 in kamer 100 van die Frans du Toit-gebou. Dit is dus net na die vakansie en die akademie druk nog nie. Die bestuur van die Retoriese Vereniging hoop dat die opkoms groot sal wees, sodat ons gaste nie voor 'n leë saal sal optree nie. Elkeen kan by hierdie geleentheid sy hart kom uitpraat oor die Sensorraad.

**Vriendelike bediening van 'n mede-Afrikaner by . . .**

BAILIEPARK
PADKAFEE

(Langs die Johannesburgpad geleë)

**GOEIE KOS!**
**FLINKE DIENS!**
**U tevredenheid is ons PLESIER!**

*Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings*

**TEL. 6670**



Die bekende kunstenaar, Gregoire Boonzaaier, het onlangs die Pierneef-uitstalling by die P.U. geopen. Hier verskyn hy saam met mev. A. I. Bailey (Pierneef se dogter), prof. G. Dekker en mnr. Bailey. Die skildery in die agtergrond is gewaardeer vir R28,000. (*Fotokuns*).

# PIERNEEF-UITSTALLING BY DIE P.U.

**„MET HIERDIE uitstalling word op 'n paar uitsonderings na werke vertoon wat nog nooit op vorige uitstallings was nie. Behalwe vir die uniekheid daarvan, bied dit ook 'n verteenwoordigende beeld van die ontwikkeling van 'n groot kunstenaar".**

Prof. G. Dekker het in sy huldigingswoord daarop gewys dat Pierneef 'n sterk roepingsgevoel gehad het en dat sy lewensomstandighede hom daartoe geroep het. Invloede soos veral die van die Hollandse Impressionisme verwerk die skilder tot 'n eie persoonlike styl, waarmee hy uitdrukking gee aan 'n eie lewensgevoel binne die kenbare om-wêreld in Suid-Afrika.

Verder was 'n vakkundige kennis 'n noodsaaklikheid en moet 'n kunstenaar deeglike kennis besit van tegnieke en middele.

In sy openingswoord het Gregoire Boonzaaier die belangrikste eienskappe van Pierneef se werk geskets:

1. Ingebore gevoel vir komposisie en 'n balans in lyn en kleur. (Vergelyk hierby die twaalf olieverfpanele in die Johannesburgse stasie.)

2. Ligskildering. In sy oeuvre het Pierneef baie volksformasies en lig-effekte en word die volkmassas drie-dimensioneel geskilder en totaal geïntegreer by die onderwerp.

Dus kry ons in die huldigingsuitstalling werke waarin Pierneef nog soek na 'n eie styl; waar hy sy tipiese liniëre en tekenagtige formaal bereik en waar hy dekoratief- monumentaal die tipies Suid-Afrikaanse landskap weergee.

'n Pragtige tentoonstelling van uitstaande gehalte werk. Baie goed verteenwoordigend van ontwikkeling, onderwerpe en media.



„DALK IS HY TUIS, DALK NIE, PRESIES WIE WILL HOM 'N BLOEDNEUS SLAAN?"

# PUIK AANBIEDING DEUR KLUB 20

„Nie-professioneel nie, maar nogtans puik. Nie volmaak nie, maar die kaartjie se prys en die moeite deur en deur werd." Dit is die opvoering van die „Pantoffelmoordenaars" wat die afgelope ruk in die Stadsaal aangebied is.

Die tegniese versorging was goed, spelers het op hulle gemak voorgekom en die tempo is sonder haakplek volgehou.

Hoewel Klub 20 se afdeling vir woordkunste beslis oor goeie talent beskik, moet die regisseur, Pieter Fourie, geluk gewens word met sy uitstekende afrigting. Alle los punte is deur hom saamgebind tot 'n bevredigende geheel.

Indien daar spelers uitgesonder kan word, sal dit sekerlik Folkert van Graan (oorblufte eggenoot), Dolf Ellis (kafee-eienaar) en Joyce Aucamp (barones) wees. Hulle spel was deurgans konstant en soms kostelik.

## 20th Century

**Maan. 19, Dins. 20:**
**„TOO LATE THE HERO"**
Michael Caine, Cliff Robertson.

★

**Woens. 21 tot Sat. 24:**
**„WHEN 8 BELLS TOLL"**
Anthony Hopkins, Robert Morley.

★

**Maan. 26, Dins. 27:**
**„MY DOG'S A THIEF"**
Walt Disney.

★

**Woens. 28 tot Sat. 1:**
**„THE RAILWAY CHILDREN"**
Dinah Sheridan, Bernard Cribbins.

## Potch. Inry

**Maan. 19, Dins. 20 om 7 nm.:**
**Vry. 23, Sat. 24 om 9 nm.:**
Yul Brunner, Franco Nero, Orson Welles, Sylvia Koscina
**„BATTLE OF NERETVA"**

★

**Woens. 21, Don. 22 om 7 nm.:**
**Vry. 23, Sat. 24 om 6.45 nm.:**
Nino Manfredi, Senta Berger
**„TREASURE OF SAN GENARO"**

**Maan. 26, Dins. 27, om 7 nm.:**
**Vry. 30, Sat. 1 Julie om 9 nm.:**
Jane Fonda
**"THE SHOOT HORSES DON'T THEY?"**
(4-18).

★

**Woens. 28, Don. 29 om 7 nm.:**
**Vry. 30, Sat. 1 Julie om 6.45 nm.:**
**„THE ARISTOCRATS"**

## Goue Weste

**Maan. 19, Dins. 20, Woens. 21, Don. 22, Vry. 23, Sat. 24:**
**Net een Vertoning:**
Julie Andrews, Rock Hudson
**„DARLING LILI"**

★

**Maan. 26, Dins. 27 om 7 nm.:**
**Vry. 30, Sat. 1 Julie om 6.45 nm.:**
George Hamilton, Sue Lyons
**„EVEL KNIEVEL"**

★

**Woens. 28, Don. 29 om 7 nm.:**
**Vry. 30, Sat. 1 Julie om 9 nm.:**
George C. Scott, Tony Musante, Trish van Devere.
**„THE LAST RUN"**
(4-18)



Op die foto verskyn Elize Scheepers as Blanche, At Botha as Stanley en Lorraine Viljoen as Stella. (*Fotokuns*).

# Drama bied iets nuuts

**DIE DEPARTEMENT Spraakleer en Drama van P.U. vir C.H.O. voer tans Tennessee Williams se drama „A Streetcar named Desire" wat deur Lorraine Viljoen in Afrikaans vertaal is onder die titel „En die naam van die trem is . . . Begeerte" op.**

Franz Marx wat vanjaar verantwoordelik is vir baie van die departementele aanbiedings behartig ook die regie van hierdie produksie waarin dosente en studente gesamentlik optree.

Elize Scheepers wat verlede jaar in die rol van die ou vrou in „Pa maak vir my 'n vlieër Pa" van Chris Barnard pragtige spel gelewer het, vertolk die rol van Blanche Dubois in hierdie aanbieding. Stanley word verrolk deur At Botha 'n tweedejaarstudent en Lorraine Viljoen wat ook verantwoordelik was vir die vertaling speel die rol van Stella. Pierre van Pletzen 'n bekende by Potchefstroomse teatergangers word gesien as Harold Mitchell of Mitch soos hy in die stuk genoem word. Die stuk bied ook geleentheid aan ander spelers in kleiner rolle.

Die verhaal van die stuk is kortliks as volg — in die onderwyseres Blanche Dubois se poging om weg te vlug vanaf haar omstandighede by die hoërskool in Laurel beland sy op 'n trem met die naam „Begeerte" wat haar bring na haar getroude suster Stella Kowalski in Nieu-Orleans. Sy vind egter dat die buurt waar haar suster bly baie anders is as wat sy haarself voorgestel het.

In die huis van haar swaer Stanley raak sy verstrengel in dramatiese konflikte wat haar geestelik aftakel tot dit was sy in haar diepste wese eintlik is.

Sy beland tussen twee pole: Stanley Kowalski, die dierlike en sy meer verfynde vriend Harold Mitchell.

Die idee met die aanbieding in die P.U.-Kamertoneel is om ook stukke aan te bied wat geskoei is op die verwarde en chaotiese sosiale, politieke en godsdienstige toestande van ons tyd — soms stukke wat die omvergooi van geestelike waardes deur 'n permissiewe gemeenskap uitbeeld.

Die hoof van die departement Spraakleer en Drama prof. Teunis Botha het hom by geleentheid as volg oor bogenoemde saak uitgelaat: „Die departement is ten volle op hoogte van wat daar in die wêreld van die revolusionêre teater gebeur en hy beskou dit as deel van sy plig en roeping om op hoogte te bly. Ons sal nie sonder meer verwerp nie, maar ons sal beslis ook nie sonder voorbehoud aanvaar net om deel van 'n revolusie te word nie.

Ons sal soos in die verlede voortgaan om klassieke werke aan te bied en ons sal hieruit leer, ons sal ons studente op hoogte hou van dit wat in die wêreld van die teater gebeur en ons en hulle sal op grond van ons Calvinistiese inslag en ons Christelike geloof oordeel of veroordeel."

„En die naam van die trem is . . . Begeerte . . . " word in die P.U.-Kamertoneel in die nuwe gebou van die Departement Spraakleer en Drama by Hoffmanstraat 10 opgevoer vanaf Dinsdag 13 Junie tot Saterdag 24 Junie 1972.

Aangesien die speelvak van hierdie produksie nie verleng kan word nie, word teatergangers aangeraai om so gou moontlik hulle plekke by die Bultak van Pro-Rege te bespreek.

Die strekking van die stuk is sodanig dat slegs volwasse gehore toegelaat kan word.

# WAPADLANGS

## Wees ware Pukke

Geagte Redakteur,

Eerstens wil ek mnr. Kotze bedank vir die brief waarop ons almal reeds so lank al gewag het. Hy kan daarvan seker wees dat die oorgrote meerderheid studente in hierdie saak met hom eens is; meer nog, dit het ons al so gehinder dat ons al soos vreemdelinge op 'n ander planeet gevoel het . . . en dit nogal hier op ons eie kampus. Wees verseker, mnr. Kotze, dat daar persone gaan wees wat nie met u sal samstem nie (teekan-orators) en diegene wat eerder die fout by die Studenteraad wil gaan soek of by die Owerheid, ja, selfs die wat met hierdie pleidooi van u die spot agan dryf . . . maar ons ken hulle as persone waarvan u hier melding gemaak het, daardie passiewes. Hulle het volgens my net twee kanse op regverdige behandeling, of gee ware PUK-samewerking of bly liewers stil en maak op *niks* aanspraak nie.

Ek het gesê ek voel soos 'n vreemdeling, want tipies van die gees hier ter sprake het ons Pukke skoon „groet-sku" geword. Weet u, agbare eerstejaars, (aangesien op julle die beroep gedoen word tot herlewing van die gees) dat *dit* juis die kenmerk was van die Puktudent. Kan ons dit vandag nog sê? As jy 'n Kasteeleerstejaar groet, dan was dit nou net so goed jy het haar gevra om met jou te trou . . . Is dit hoe julle wil leiding oorneem? En die res van die Puk, kan ons nie op hierdie wyse reeds begin werk aan 'n verbeterde gees soos mnr. Kotze bepleit nie? Ja beslis, die moontlikheid vir so iets is tog daar, want dit het nog niemand laatkom vir sy sleep as hy net vriendelik sou groet in die duikweg nie.

Ek gebruik die woord „moontlik", want ek is oortuig daarvan dat hoe opreg die bedoeling van so 'n pleidooi ook al mag wees, van 'n Pukgeees sal hier ooit iets tereg kom op die trant wat ons Pukke ingeslaan het nie; daar sal net nog maar weer ander verskonings wees . . . die foute by andere te soek, nie by ons self nie. Ek sien uit na die volgende massa-vergadering om te sien watter van hierdie twee sprekers was nou eintlik reg, want as u nog kan onthou, het mnr. Ligthelm net die week van tevore in *Die Wapad* gesê daar is niks verkeerd met die Pukke se gees nie . . . of gaan die Totiussaal weer so leeg daar uitsien?

As dit van my afhang, Pukke, gaan die Puk se gees nou 'n oplewing belewe wat hy lanklaas ondervind het. Vir die wat voel soos ek oor hierdie aantuiging teen my gerug vra ek: kom dat ons ware Pukke wees, kom dat ons soos ware Pukke deel in elke faset van student wees, van Puk-wees. Ons gaan mos Pukke, gaan ons nie?

Ware Puk.

---

## Afwesigheid verklaar

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van die plasing van die „groot" toespraak, gedurende 'n massavergadering gehou op 17 Mei 1972, van mnr. Leon Wessels oor die swak bywoning, wil ek net graag my opinie omtrent die saak uitspreek.

Het die Studenteraad al werklik gaan sit en dink wat werklik die rede tot die swak bywoning was, van die Massavergadering? Wel ek sal u die antwoord op daardie vraag verskaf. Pinksterbiduur deur die N.G. Kerk is gehou vanaf 15-20 Mei, en het u al opgemerk dat 50% van die Pukmassa N.G.-studente en nie Gereformeerde studente is nie. Ons roem met die naam „Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys:" is dit nou Christelik om van 'n klomp N.G.-studente te verwag om die massavergadering by te woon en die Geestelike sy terwyille daarvan prys te gee?

Goed ek gee toe, daar is Gereformeerde studente wat dit kon bybring, maar baie van hulle sleep met N.G.-studente. Goeie raad is: reël op u massavergadering op 'n meer geleë tyd, en kyk dan na die bywoning.

Puk-student.

## Verweer vir slap gees

Graag wil ek net baie kortliks op Mnr. Kobus Kotze se pleidooi antwoord wat hy in die Wapad van 31 Mei 1972 gelewer het oor die Puk-gees.

Mnr. Kotze, Dinsdagmiddag met ete is afgekondig dat die Pukke met Wits gaan kragte meet. Plakkate het ook eers die middag verskyn. Wanneer sou die kragmeting plaasvind? Die volgende middag om vieruur en dit op 'n Woensdagmiddag voor 'n langnaweek! Vermag u dat reëlings wat reeds weke voor die tyd getref is op die nippertjie verander moet word, en dit ter wille van 'n rugbywedstryd? En is hokkie- en netbalwedstryde nie net so belangrik nie?

Om 'n gebalanseerde student te wees moet mens aan sport en aan die verenigingslewe deelneem. Maar tyd vir meer as een van elk is daar beslis nie, want dan Mnr. Kotze: „wat sal van die arme akademie word?" En: „gelukkig )" stem almal nie in dieselfde belang nie en dis jammer dat u dit op 'n P.N.B.-vergadering moes raaksien. Buitendien is algemene laataande so skaars soos 'hoende tande en baie kosbaar, veral vir di e eerstejaars.

Tereg moet ek u nagee dat die studente onbewus is van die WARE GEES wat by 'n kultuurorganisasie soos die Voortrekkers en by Volkspele opgebou word, maar: Mnr. Kotze behoort u aan een van hierdie „volks" verenigings?

Vra maar net.

## Dankie

Geagte Redakteur,

Ek wil graag my dank en waardering uitspreek vir die blad, wat so keurig versorg word, en waarin ons kan lees dit wat vir ons as Pukke van belang is — en ook dat ons hierin 'n eie mening kan uitspreek.

Dit is 'n voorreg om 'n student te wees van 'n Universiteit wat hom nog wil verantwoord oor sy taak in die samelewing — gesien in die lig van die Skrif, en wat hom gedurig wil besin oor dit wat van aktuele belang is in die tyd waarin ons leef.

Maar — doen ons as studente self ons plig met betrekking hiertoe? Weet ons werklik wat om ons aangaan, wat die nood van ons tyd is? Verantwoord ons ons werklik oor wat ons roeping is? Myns insiens is dit 'n ope vraag waaroor elkeen van ons 'n bietjie moet gaan nadink.

Ek wil dankie sê vir 'n Studenteraad soos ons s'n, wat hard werk, en die vrug van hul arbeid vir ons, en vir ons land en volk, daarstel. Baie dankie vir die „oopheid" waarmee u sake benader, en vir die roepingsbewustheid waarmee u u taak uitvoer.

Aan Mnr. Kobus Kotze wil ek 'n spesiale dankie sê vir die reguit en eerlike manier waarop hy ons as Pukke in *Die Wapad* aangespreek het. Ons staan skuldig aan 'n slap gees, 'n lou ingesteldheid teenoor dinge om ons. Dit het tyd geword dat ons onsself ondersoek, en dat dit hopelik sal lei tot 'n aktiewer deelname, 'n vuriger lojaliteit en 'n skerper en indringender belangstelling in dit wat ons aandag vra — sodat ons ten volle kan lewe, en nie maar net skeefskeef sal saamdraf met die stroom nie.

Pukkie.

---

## Pukke raak midi-bewus

Ons Pukmanne se drag is baie netjies, maar ek het een klagte! Sommige is besig om te „midi-bewus" te raak.

Deesdae moet ons praat van 'n broek se „korte", eerder as die „lengte". Sommiges dra kort langbroeke en wissel dit af met lang kortbroeke. Veral as dit 'n „bell-bottom" is, laat dit my twyfel tussen 'n veerpoothoender en twee tentpenne waarvan die soom van die tent mekeer.

Ek kritiseer geen modes nie en is ook nie ten gunste daarvan dat jou broek die kampus moet vee nie, maar 'seblief ouens: Laat skiet die kruisbande maar gerus 'n duim of twee.

„Maksi-bewus".

## Korps bespreek „Women's Lib."

Op 30 Junie is 'n K.V.V.-selvergadering in Klawerhof gehou, waartydens dr. Elaine Botha gepraat het oor die „Women's Liberation Movement".

Sy het die onderwerp op haar gewone gemaklike manier hanteer en eerstens gewys op die aktiwiteite van die beweging in Holland en op die geskiedenis van die emansipasiegevoel reeds van voor die tyd van „Votes for Women".

Sommige dames moes geskok kennis neem van hoe erg ons aan advertensiewese en tydskrifte verslaaf is vir die beeld van die „ideale vrou". Daarna het dr. Botha die standpunt van die Christenvrou teen die huidige suksesvol behandel.

Uit die groot verskeidenheid vrae wat gevra is en die hoeveelheid sy-onderwerpe wat telkens opgeduik het, kan gesien word hoe onuitputbaar die onderwerp is. Dr. Botha het telkens haar gehoor beindruk met eenvoudige taal en informele professionaliteit.

## SEKRETARIAAT VIR VAALDRIEHOEK

**OP 'N MASSAVERGADERING van Vaaldriehoekstudente onder voorsitterskap van die rektor, prof. H. J. J. Bingle, wat onlangs gehou is, is 'n sekretariaat van drie lede gekies om die belange van die studente te behartig. Die voorsitter is mnr. Danie van Wyk.**

Die vergadering is ook bygewoon deur personeel van die Biblioteek en Administrasie, die dekane van die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en van Ekonomiese Wetenskappe, professore J. S. du Plessis en D. J. Viljoen, mnr. H. M. Robinson, direkteur van die Dept. Ontwikkeling, mnr. Piet Brand van die Sportinstituut en verskeie S.R.-lede, onder wie mnr. Kobus van der Walt, S.R.-voorsitter.

Op hierdie wyse is 'n begin gemaak aan 'n eie studentelewe aldaar. Dit is egter duidelik gestel dat 'n mens kruip voor hy loop en die Sekretariaat sal nie die status van 'n S.R. hê nie. Die Sekretariaat en die Studenteraad sal wel samesprekings hou oor kontak en samewerking en oor die uitbouing van die studentelewe op Vanderbijlpark.

## Plantkundige na V.S.A.

Prof. dr. J. J. P. van Wyk, hoogleraar in Plantkunde aan die P.U. vir C.H.O., het op 7 Junie na die V.S.A. vertrek waar hy Suid-Afrika op twee internasionale kongresse sal verteenwoordig en ook referate sal lewer. Die kongresse handel in breë trekke oor die invloed van die mens op die omgewing en sekere aspekte van besoedeling.

Die geleenthede, waartydens hy ook navorsing wat op die gebiede in Suid-Afrika gedoen word, sal bekendstel, is die vyfde jaarlikse internasionale kongres in verband met die mens-omgewingverhouding en die internasionale graslandjaarkongres. Albei kongresse vind plaas by die Colorado State University.

Prof. Van Wyk is ook uitgenooi om saam met 53 verteenwoordigers van ander lande saam te werk aan die V.S.A. se graslandnavorsingsprojek. Prof. Van Wyk het gesê dit sal waarskynlik die laaste keer wees dat 'n Suid-Afrikaner aan hierdie projek kan deelneem, aangesien dit van 1973 'n Unesco-aksie word, waarvan Suid-Afrika nie lid is nie.

Op pad terug na die Republiek sal prof. Van Wyk ook die Cirasol-fabriek in Frankfurt, Duitsland, besoek om sekere plastiese stowwe wat vir die hervestiging van grasbedekking op ontblote gebiede gebruik word, te ondersoek. Hierdie besoek staan in verband met navorsingswerk wat hy doen vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Vervoerkommissie.

## RETORIESE VERENIGING

● Vervolg van bl. 3

Die bestuur hoop dat dames ook in die toekoms meer in hierdie rigting van die spreekkuns sal belangstel, en nooi hulle uit om vergaderings by te woon.

## Slimmes krap kop

Vrydagaand 9 Junie was dit weer groot kopkrag in kamer 100 van die Frans du Toitsgebou toe die alwetendes van die verskillende koshuise mekaar in die hare gevlieg het en Leo van Schaik moes met hare op sy tande hê om al die hare wat gewaai het, bymekaar te krap . . .

Die einde van die storie was dat Sights van der Schyff se Kasteelspan die R20 vir dames wen, met Klawerhof en Heide kort op hul hakke.

Teen hierdie tyd het die gees al net hoog geloop en is verder verbeter deur die uitdeel pryse aan slimmes. Die eerstejaars moes net spring met die tydhou, punteskryf en prysuitdeel.

Toe spring die mansspanne aan mekaar en wat 'n slagting! Maar wie weet nou van maanreise en al daardie blou dinge? Die sportafdeling was gelukkig meer verteerbaar en die manne loop kop aan kop met Makouvlei as wenner en Liberalia, Gatland en Over de Voor om die tweede prys te deel. Geluk aan al die wenners!


HUIS en TUIN

Vir al u Studentebehoeftes.

★ Tel. 4641 ★

U KEN ONS

MANS EN DAMES KLERE-VERSTELLINGS

Ons het nou reeds 5 opgeleide masjiniste om voor te bly, sodat ons vir u vinnige en deeglike diens kan gee.

Laat ons hierdie kruis vir u dra. Bring maar gerus. Ons is al oor en oor getoets en ons kliënte is tevrede.

ESLITA KLERE-VERSTELLERS

Tel. 6775, Potch Pressgebou, Olënlaan 3A, Potchefstroom.

VERLOOF en DIAMANTRINGE

word aangebied teen gewaarborgde fabriekspryse.

*Skakel:*

G. van R. Oosterhuizen

Tel. 869-2860

ALBERTON

AJAX

Kerkstraat 159

Foon 6175

★ BOEKE

★ SKRYFBEHOEFTES

# OP DIE KOSHUISFRONT

**GATLAND:**

Deesdae word daar soos seker in elke koshuis, ook hier by ons nie juis nuus gemaak nie. Die ouens is maar stil en sover moontlik akademies georiënteerd. Twee van die ouens wat meer swot is Thys Labuschagne en ons Pa, Dirkie Coertze. Albei is besig met hul M.Sc. Dierkunde-eksamen. Jos Welman, 'n M.Comm, student sê hy ontspan nog eers 'n bietjie voor sy „hoog tye" aanbreek.

En Pukke, hier is goeie nuus vir julle: Ou Charles oefen alweer 'kliphard vir Joggie Jansen nadat hy deur 'n skouerbesering gedwing is om weer heel onder in Kompleks se C span te begin. Philip Welman, getrouaan die Gatland-tradisie, ver teenwoordig ons koshuis vanjaar in die Wes-Transvaal O-20 span.

Die Kulu-Gatland verhouding het toe 'n verlowing en 'n baie belowende vaste kys tot gevolg gehad. Ou, „Pardalis" het hom sodoende by die vyf ander verloofde ouens gevoeg.

Twee verskillende groepe is van voorneme om die vakansie onderskeidelik 'n staptoer deur die bekende Visriviervallei, en 'n uitgebreide toer deur Suidwes te onderneem.

Al die manne sien uit na die vakansie wat voorlê, behalwe natuurlik diegene wat die Oorlog met hul teenwoordigheid gaan vereer.

**HEIDE:**

Dis jammer dat almal nie B.A. „swot" nie. Dit sou darem lekker gewees het, as almal in Heide noual kon vakansie hou het. Maar gelukkig is daar darem variasie en die ander sal ook nog kans kry om tot laat te koek as die toetse verby is.

Toetse of nie, Daleen Botha kry toe Wes-Transvaal korfbal. Baie geluk aan Paula Brink wat reserwe is, hou net moed!

Met die hokkie gaan dit goed. Dis nog net Klawerhof wat ons die onderspit laat delf het, maar die ander het nie kans gekry om ons te laat verloor nie.

Ag, en voor ons lê 'n lang vakansie met laat slaap vir party en Ma se kos eet vir baie van ons. Aan al die ander koshuisinwoners — geniet dit!

Die eksamenspook het die vaal, groot 'koshuis gedeeltelik verlaat, en hoe het die helde nie geval nie! Gelukkig is daar nog 'n toetstreeks voor die eksamen — die PUK gee 'n student darem baie kans om deur te kom. (ha-ha)!

„Die-Skuurder" het weer sy verskyning gemaak in elke koshuiskamer, sowel as by die dameskoshuise. Hoe lyk dit, wil die ander koshuise nie ons voorbeeld volg en ook hul eie blad uitgee nie? Dit beteken baie vir 'n koshuis en maak hom bekend en bemind!

Praat van helde wat geval het, ons wil nie groot praat nie, maar Over-de-Voor se helde moes voor ons die knie buig op rugbygebied. Die Skuurmanne moet egter nie nou op hulle louere gaan rus nie — die stryd is groot.

Die vakansie is al hier, hoewel toetse vir baie ook nog hier is. Geniet die vakansie tot volgende keer.

**KULU:**

Kulu staan reg die jaar. Ons wens Karlien baie geluk met hul oorwinning oor ons koshuisspan. Wees egter nie te gerus nie. Dit sal beslis nie weer gebeur! Soos nog altyd gaan lê Kulu nooit en word sy deur een mislukking slegs yweriger om op die pad vorentoe te wees. Kulu bly nog steeds klein in getal en omvang, maar die gees — ja-nee dit bly steeds sommer groot.

Op die „sleepterrein" staan Kulu ook geensins agter. Waarvoor getuig die afgelope drie verlowings. Terloops die laaste een is Martie Fivaz. Die gelykkige ou is Johann Jordaan van Gatland. Die vlotbouery het dus wel goeie resultaat gelewer!

**KLAWERHOF:**

Met die kwartaal al ver heen groet ons julle vanuit 'n horisontale posisie. 'Skies hier en daar begluur iemand julle vanuit 'n akademiese posisie.

Om op te maak vir S.A. se nederlaag verslaan Klawerhof nou maar op sportgebied al wat „vyand" is. Ons sluit toe gelukkig 'n doelslaner of wat in ons span, die dat Heide toe maar die hokkie-knie voor ons moes buig. Die muurbal gons nog los voor en betreffende die netbal is dit nog net Karlien wat 'n neerlaag moet ly.

Met 'n Puccini hier en Johannes Metsing daar misgis die ander hulle nog 'n maal met Klawerhof se kennis — ons wen toe die eerste prys saam met Kasteel in die vasvra-kompetisie! Geluk aan Liberalia wat toe die eintlike wenners in die mansafdeling was!

Troos julle daaraan, ons het darem dinge wat julle ook het, soos maalvleis, 'n koue 'koshu's en hordes miaaunde katte! Mooi loop!

## Akademie vereer Marais

"Dit behoort vir die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n eer te wees om vanjaar, met die herdenking van sy geboortedag honderd jaar gelede posthuum aan Eugène Marias 'n spesiale Havengaprys in die Biologie toe te ken. Ons is dit aan hom verskuldig."

So het prof. P.A.J. Ryke, hoogleraar in Dierkunde, onlangs aan die P.U. op 'n byeenkoms van die Potchefstroomse Werksgemeenskap van die S.A. Akademie gesê. Hy het by die geleentheid 'n voordrag gelewer oor Eugène Marais as natuurkenner en -navorser.

Prof. Ryke het dit beklemtoon dat waar letterkundiges aanvanklik bloot toegegee het dat Marais ook ,benewens sy digwerk "ook verhale en interessante natuurstudies oor diere" geskryf het, hy na publikasie van *The soul of the ape* in 1969 wêreldwye erkenning geniet as natuurkenner.

Die internasionaal-bekende etoloop, Robert Ardrey, beklemtoon in sy voorwoord tot hierdie werk dat Marais destyds besig was met 'n wetenskap wat eintlik nog nie gebore was nie. Prof. Ryke het Ardrey se huldigingswoorde van Marais direk aangehaal: ". . . His (Marais') was the first human mind to penetrate the secrets of the wonderful world of the animal, and to apprehend the legitimate mysteries of the wonderful world of man. Eugène was a human community in one person of one man. As a scientist he was unique ,supreme in his time."

## *Studentemening*

● **Vervolg van bl. 4.**

dit deurslaan by vroue-organisasies, advokate, dokters, onderwysers ens?

**Identifisering:**

Die magte wat besig is om hul eie, en ons, ondergang te bewerk, word gewoonlik geïdentifiseer as Kommunisme. Dat die Kommuniste 'n baie groot aandeel hieraan het, staan bo alle twyfel vas. As 'n opstandeling egter geen verbintenis het met die Kommunisme nie, is dit 'n rede om rustig agteroor te sit en 'n sug van verligting te slaak? Daar is slegs een identifikasiekaart wat hierdie magte na regte aan die kaak stel: DIE ANTI-CHRIS. Kommuniste is antichristelik, maar alle anti-chris is nie kommuniste nie. Wat van die sosialisme en Liberalisme ens.?

Voordat ons nie die vyand reg geïdentifiseer het nie, kan ons dalk vir 'n tydlank weerstand bied, maar die finale ondergrawing sal nie lank uitbly nie. DAAR IS SLEGS EEN ANTWOORD OP DIE REVOLUSIONERE TENDENSE EN DIT IS DIE GEMOBILISEERDE CHRISTUS-GELOWIGE WAT MET SY GELOOFSWAPENS VEG. Ten einde laaste sal ook geen universiteit ongeskonde bly staan wat nie op Christelike grondslag die verdediging teen die intellegensia-marionette besleg nie.

## ONTVANG BOEKPRYS



**Gedurende haar matriekjaar het Willemien Jerling die hoogste punte in Afrikaans in Suidwes behaal. Die A.T.K.B. het daarna 'n boekprys van R50 aan haar toegeken. Die Posmeester van Potchefstroom mnr. P. du Toit, het onlangs hierdie boekie aan Willemien oorhandig.** *Fotokuns.*

## *Puk-roeiers na Vaal*

**PRESIES 'n maand nadat die P.U.-kanoklub gestig is, het hulle hulle eerste toer onderneem. Die toer is gedurende die langnaweek in Mei onderneem.**

Aanvanklik sou hulle die Vrydagmiddag van Vereniging na die Eligwaklub geroei. Die ysige windjie en groot golwe op die rivier het veroorsaak dat hulle eers die Saterdagoggend vroeg vertrek het. Dit kan gedeeltelik toegeskryf word aan die ryp op die gras, die wasem op die rivier en veral die snoesige slaapsakke.

Teen twaalfuur was hulle egter al 'n hele paar myl met die rivier af. Die honger het nou begin knaag en vele verwensinge is geuiter omdat niemand so briljant was om kos of geld in die kano's saam te neem nie. Nog 'n hele vyftien myl se roei het voorgelê, voordat hulle die motor met kosvoorrade by die Barrage sou bereik. Die afstande wat geroei is, het al hoe korter geword, terwyl die rusperiodes al hoe langer geword het.

Twee van die lede het hulleself 'n bietjie oorskat en in die moeilikste kano probeer roei. Die gevolg was dat hulle in die ysige water beland het. Miskien was die oorsaak vir ten minste een van die twee nie die moeilike kano nie, maar die oulike aster in die motorboot?

Teen vieruur was byna almal gedaan en is daar in stilte geroei. Al vraag wat nou nog gereeld gevra is, was: „Hoe ver is Barrage nog?"

Hulle vreugde was omtrent groot toe hulle die pers Volkswagen die bult afgery sien kom. Nog nooit het broodrolletjies en aartappelskyfies so heerlik gesmaak nie!

Baie sulke toere lê nog vir die jong klub voor en ons hoop dat almal so suksesvol soos die toer sal wees, sodat mens sal kan terugkom en sê: „Dit was groot."

## W.T.-KLEURE VIR VYF

Gedurende die korfbalproewe wat op 27 en 31 Mei gespeel is, het die volgende speelsters van die PUK plek in die Wes-Transvaal spanne behaal:

**KLAWERHOF**

**Hester Sm t (Karlien):**
1971 Wes. Tvl. B-span.
1972 Wes. Tvl. A-span.

**Daleen Botha (Heide):**
1971 Suid-Afrikaanse Provinsiale Skolespan.
1971 Wes. Tvl. A-span.

**Mona Liebenberg (Heide):**
1971 Wes-Tvl. B-span.
1972 Wes. Tvl. B-span.

**Magriet Coetzee (Karlien):**
1972 Wes Tvl. B-span.

**Liana Botha (Karlien):**
1972 Wes. Tvl. B-span.

Op die 18-31 Junie word daar in Pretoria 'n toernooi gespeel vir die kies van die S.A.-span.

Verder was die PUK A-span tweede in die A-liga, en die PUK B-span eerste in die B-liga.

POTCH. SPARES
(PTY.) LTD.
VIR ALLE MOTORONDERDELE EN TOEBEHORE
FOR ALL AUTOMOTIVE PARTS & ACCESSORIES
★
Tel. 6077, 4595 Posbus/P.O. Box 260
39 Lombard Str. 39, Potchefstroom, Tvl.

BY VOORKEUR
Gebak deur
Turkstra
BY VOORKEUR



Oud en jonk het Saterdag met die aanvang van die Nasionale Fiksheidskema op die P.U.-terrein lustig saamgedraf vir die verkryging van 'n bronsmedalje. *Foto: Die Nuus.*

# *Fanie klop Yanks*

**AAN Fanie van Zijl se uitmuntende vertonings op die atletiekbaan is daar nog steeds geen einde nie. Sedert hy enkele weke gelede op 'n besoek aan Amerika vertrek het het hy aan vier wedlope daar deelgeneem wat hy alvier gewen het. Elke keer het hy stof in die oë van die V.S.A. se Olimpiese naellopers oor die middelafstande geskop.**

Hy het sy eie Suid-Afrikaanse rekord oor die een myl na 3 min. 56 sek, verbeter nadat hy 'n week tevore ook die nasionale rekord oor die 880 tree oortref het. Hy het nou sewe S.A. rekords agter sy naam — 'n buitengewone prestasie.

Sy tyd oor die myl is die vinnigste wat vanjaar oor hierdie afstand in die wêreld opgestel is. Hy sou die volslae gunsteling vir 'n goue medalje op die Olimpiese Spele gewees het as Suid-Afrika sou toegelaat gewees het om deel te neem.


Na sy puik wedloop oor die myl in Modesto (Kalifornië) het die Amerikaanse toeskouers hom staande toegejuig. Kalifornië is die bakermat van die V.S.A. se atletiek.

Voorloopig is sy laaste wedloop in Amerika op 9 Junie. Tot dusver het sy toer sonder haakplekke verloop; al probleem is dat hy net aan geborgde byeenkomste mag deelneem. Hy hoop om nog teen die wêreldkampioen oor die myl, Jim Ryuan, te staan te kom voordat hy sy program in Amerika afsluit.

Volgens Fanie is die Amerikaners baie gasvry teenoor hom. Hy bly vir 'n paar dae lank by verskillende private mense en is soms by atlete tuis.

Na afloop van sy toer deur Amerika sal hy waarskynlik in Europa aansluit by die drietal Suid-Afrikaners, Emilie Rossouw, Dawid Langley en Joseph Laserwane, wat daar gaan deelneem.

Intussen doen gerugte die ronde dat Van Zijl hom aanstaande jaar tydelik vir twee jaar in Amerika gaan vestig waar hy aan die International University of San Diego in Kalifornië 'n kursus in bemarking gaan volg. Hy het ook van ander universitei'e 'in Amerika aanbiedinge ontvang). Sy eggenote sal hom vergesel.



„PAPPIE, ONTMOET SERSANT HANS DE WET – HY'S IN DIE WEERMAG SE KAMOEFLEERKORPS.!"



„Ek het ma se inklimgordel ook aangepas, maar dit het absoluut niks vir my gedoen nie."

# FIKSHEIDSKEMA BY P.U. AANGEBIED

**„DIE bedreiging teen volkfiksheid neem steeds toe" het mnr. J. C. Oosthuizen, Potchefstroomse burgemeester Saterdagoggend gesê toe hy die Nasionale Fiksheidskema wat op Potchefstroom van stapel gestuur is, amptelik ge-open het.**

Mnr. Oosthuizen het daarop gewys dat die reaksie op die Lenteloop twee jaar gelede tydens die Waterfeesjaar van Potchefstroom baie goed was. Sowat tweeduisend mense, wiselend van kleuters tot oues van dae het by geleentheid deelgeneem aan die fiksheidsveldtog wat deur die Departement van Sport en Ontspanning geinsieer is.

Die fiksheidskema bestaan daaruit dat daar geen presentasiestandaard vasgestel is nie. Dit gaan m.a.w. nie oor rekords wat opgestel of verbreek word nie. Die veldtog is so beplan dat daar met 'n bietjie moeite, gekwalifiseer kan word vir 'n brons, silwer-, goud en meriete medalje en die standaardtye waarin die afstande afgehardloop moet word, is binne die bereik van elkeen. Die fiksheidprogram is ook so beplan dat deelnemers oor 'n betreklike lang tyd aan die skema moet deel neem sodat die doelwit van bevordering.

## Rugbytoer na Boland

Die Puk sal hom deeglik op die rugbyveld laat geld gedurende die komende vakansie. Die rugbyspan toer deur die Boland en sal ook 'n draai maak in die Kaapstad. Vyf wedstryde sal op die toer plaasvind.

Die toer begin die 11 Julie wanneer die span van Potchefstroom vertrek en loop ten einde op die oggend van die 24 Julie wanneer die span terug is op Potchefstroom.

Soos uit die toerprogram afgelei kan word gaan dit 'n taai toer wees waarin die sterkte van die Puk se rugby getoets sal word. Twintig spelers sal die toer meemaak.

**Toerprogram:**

11 Julie 1972 Vertrek.
12 Julie 1972 Worcester (wedstryd).
15 Julie 1972 Wedstryd in Kaapstad.
17 Julie 1972 Teen Moreesburg.
19 Julie 1972 Teen Malmesbury.
22 Julie 1972 Teen Riversdale.
24 Julie 1932 Terug op Potchefstroom.



Fanie van Zyl. *Foto: Die Herald.*

## SPANNE NA S.A.U.

Verskeie sportklubs van die Puk neem hierdie vakansie aan die Suid-Afrikaanse Universitêre Toernooi deel. Die toernooi duur van 3-8 Julie 1972.

Rugby O/20 — Kaapstad.
Netbal en tafeltennis — Stellenbosch.
Gholf — Kaapstad.
Gimnastiek — Kaapstad.
Landloop — Kaapstad.
Muurbal — Durban.
Skerm — Durban.

Ongelukkig kan die stoeiklub nie gaan deelneem nie. Ons wens al hierdie spanne sterkte toe en weet dat hulle sal goed vaar.

# Hokkiespanne seevier

Wat 'n ontnugtering was dit nie vir die hokkie-asters toe hulle uitvind dat hulle op Western Reefs en nie op Strathvaal hokkie speel nie. Hulle moes toe maar net ewe gedwee op Stilfontein omdraai Orkney toe.

Die tweede span het teen Western Reefs 3 gespeel. Hulle het 9-0 gewen. Darem nog nie die eerste span se 13-0 nie!

Nou ja, aan alle goeie dinge kom ook 'n einde en die eerste span moes ewe druipstert huis toe gaan met hulle eerste nederlaag op die kerfstok. Hulle het 3-2 teen Strathvaal verloor. Rustyd was die telling 1-0 in Puk se guns. Susan Els het 'n baie mooi doel vanaf 'n korthoek aangeteken.

Na rustyd het Strathvaal die telling gelykop gemaak en toe kort daarna weer 'n doel aangeteken. Marietha Breedt het die Pukke weer laat asemhaal toe sy die telling gelykop maak. Ongelukkig vir die eerstespan het Strathvaal 'n paar minute voor die eindfluiting blaas nog 'n doel aangeteken.

In die bloedige son en met Gerhard Viviers wat kliphard langs die veld gesels was dit veral die verdedigers wat deurgaans hard moes speel. Strathvaal was knaend op die aanval en moes die verdediging net vasbyt. Hulle het darem gesorg dat nie meer as drie doele teen hulle aangeteken is nie.

Saterdag 27 Mei is die finale Wes-Transvaalse proewe gespeel en is die volgende asters gekies:

Vir Wes-Transvaal A: Marietha Breedt en Elsa Pienaar. Hulle sal gedurende die Julie vakansie aan die Internasionale hokkie toernooi in Oos-Londen deelneem.

Vir Wes-Transvaal B: Elsa Kruger en Linda de Klerk. Hulle sal gedurende die Julievakansie aan die Internasionale B-liga hokkietoernooi in Ladysmith, Natal deelneem.

Baie geluk aan hierdie vier.


**U het volop keuse in ons grootverskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die potchefstroomse boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

**Groot voorraad**

★ **NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak**

★ **Nuuts'e 'oestel vir WIELSPORING en -BALANSERING**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**

**A. VORSTER APTEEK**

**(Frans Nel, B.Sc.Farm.)**

★

**Octron-gebou Lombardstraat**

★

**VIR VINNIGE AFLEWERING**

**SKAKEL 7074**